Tema: God is groter as alles. Vertrou op Hom.

Vooraf sang:
Ps. 104 – 1: 1,2,3,19,20,21
Lied 192:1,3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 447:1
Votum
Seën
Loflied: Ps. 147 – 1: 1,4,6
Geloofsbelydenis: HK Sondag 9;
Sing Ps 8-2: 1,3.

Verootmoedigingsdiens
Sing: Ps. 19 – 1: 1;
Wet uit Eksodus 20;
Sing Ps 19 – 1: 4; Gebed.

Woorddiens
Skriflesing Jesaja 40: 12 – 26
Fokusverse: 25 en 26
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Lied 464;1,2,4
Gebed
Liefdegawes
Sing Ps. 148 – 2: 1,2,8,9
Seën
Amenlied Sb 13 – 3.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons word so maklik oorweldig deur alles wat ons in hierdie wêreld beleef. Die kompleksiteit van die wêreld se probleme en die oenskynlike onoplosbaarheid daarvan bring ons tot die konklusie – dat ek kleiner as die wêreld met sy groot dinge is. Omdat dit alles groter as ek is, daarom is ek uitgelewer aan die oorweldigende kragte en magte wat in die wêreld werksaam is.

Vanweë hierdie indruk van die grootheid van die wêreld en sy probleme kom gelowiges ook maklik tot die konklusie dat God ook kleiner is as die wêreld. Ek weet dit is nie iets wat ons hardop sal sê nie! Op papier bely ons iets anders, maar ons kleingeloof en twyfel in God se optrede bring ons onafwendbaar by hierdie vergelyk: God is kleiner as die wêreld – want kyk: niks verander nie, inteendeel alles gaan net verder agteruit! Dus die wêreld met al sy geweldige dinge, die mens met al sy mag en krag het groter as God geword. My omstandighede met al my probleme is groter as God.

Daarom, brs en srs, kom die Here om vanmore ons wiskundige vergelyking reg te stel. Die boodskap van die Heilige Gees is vanmore: God is groter as alles en daarom moet ek op Hom vertrou!

Ons teksverse is ‘n Godddelike vergelyking. Die Here vra: Met wie wil julle my dan vergelyk? Wie is soos Ek, vra die Heilige! En dan antwoord die Here self; Ek is groter as die wêreld, ja, groter as alles! Daarom moet julle in My glo en op My vertrou!

Dit is wat die volk Israel nodig gehad het om te hoor. Ons moet onthou dat op die tydstip wanneer ons teksverse uitgespreek is, was die volk Israel al ‘n vir hele klomp jare ballinge in Babel. Vir baie van hulle het die hoop al vervaag dat daar ooit weer vir hulle redding en uitkoms sal wees as volk. Hulle het begin twyfel of hulle ooit weer sal terugkeer na Israel en as volk van God Hom sal kan dien in Jerusalem. En toe die boodskap van Jesaja 40: 1 kom wat sê: die uitkoms is hier! Die Here gaan julle terugneem na julle land en Hy sal julle weer versorg soos ‘n herder sy kudde versorg, het daar baie vrae en twyfel en vrees in hulle gemoed geleef. Hoe sal dit moontlik wees?

Hierdie twyfel en kleingeloof is bewerk deur alles wat hulle beleef het. Onthou, hulle is deur ‘n verskriklike wrede oormag oorval en oorwin toe hulle gevang en weggevoer is. Gaan lees maar in Klaagliedere hoe wreed en skrikwekkend hierdie inval van die Babeloniers was. Hulle is oor ‘n geweldige afstand weggevoer na ‘n reuse wêreldryk waar hulle verstrooid gebly het. Net om ons ‘n idee te gee wat hulle beleef het: kom ons sou sê dat al SA se inwoners – 55 miljoen – op skepe gelaai word en na China geneem word met sy 1365 duisend miljoen mense. Ons met ons taal, kultuur en godsdiens sal in die niet van hierdie miljoene verdwyn.

Die volk is oorweldig deur die ongelooflike stede wat hulle in Babelonië gesien het. Iets wat aan hulle ongekend was. Hulle is oorweldig deur die rykdom en mag van die koning van Babel wat oor ‘n groot deel van die destydse wêreld regeer het en wat wêreldmagte tot sy beskikking gehad het.

Hulle is oorskadu deur die glansryke afgode en afgodediens wat hulle in Babel gesien het. En onthou – die aanvaarde wêreldgodsdiens van daardie tyd het gesê: as my land jou land oorwin dan beteken dit my god is sterker as jou god. En dit is die dinge wat die volk sekerlik elke dag moes hoor van die Babeloniërs.

En nou kom Jesaja met ‘n boodskap van die Here wat sê: Troos my volk troos hulle met die woorde: my volk die uitkoms is hier. Ek hom julle haal uit Babelonië. In hulle harte en gedagtes het die volk gesê: ons twyfel baie sterk of dit kan gebeur. Want nou begin hulle somme maak! Hulle vergelyk God met alles wat hulle beleef en gesien het! Hulle vergelyk God met die magtige nasies, die magtige konings, die geld en mag.

Hulle vergelyk God met die moontlikheid dat so iets kan gebeur. Hulle dink aan die afgode wat hulle lewe oorskadu – en dan wonder hulle: kan God dit doen? Kan God ons weer terugneem/ Kan God weer alles regstel?

Dis waarom die Here in ons teksverse vra: “Waarmee wil julle my dan vergelyk?” Want die Here het hulle gedagtes gelees. Hy het presies geweet van die somme wat hulle maak. Die “groter as” en “klein as” somme en daarom is daar kleingeloof en twyfel in hulle harte.

Brs en srs, is dit nie wat ons dan ook baie keer doen nie? Dat ons wiskundige vergelykings trek tussen God en hierdie wêreld waarin ons ons bevind? Ons dink aan die mag van groot nasies en wêreldlande wat alles beheer. Ons dink aan magtige heersers wat doen wat hulle wil en niemand keer hulle nie! Ons vergelyk God met die oorweldigende tegnologie en wetenskap wat dreig om God as skepper te onttroon! Ons vergelyk God en sy kerk met die wêreldgodsdienste van vandag die Islam, die Buddisme, die Hinduisme wat duisense miljoene mense in glo en ons wonder! Ons vergelyk ons geloof met toenemende filosofië en denkrigtings soos agnostisisme en ateisme – en ons wonder.... Ons kyk na ons kerk en die agteruitgang van die kerk!

Ons kyk na oënskynlik onoplosbare wêreldprobleme soos die ekonomiese krisis wat maar net nie wil verbygaan nie, die vernietiging van die natuur, voedsel en waterkrisisse wat lewe op aarde bedreig. Die oorweldigende armoede probleem regoor die wêreld – en ons wonder!

Geliefde gemeente, die Here, ons God, kom maak vanmore sy som in Jesaja 40. Sy vergelykingsom wat sê: God is groter as dit alles! Kom ons maak ons oë oop om dit weer raak te sien vanmore! Kom ons kyk op soos die Here sien en sien Hom weer in al sy majesteit, heerlikheid, mag en krag raak! Kom ons sien weer sy Heilige troon bo die wêreld waar Hy in sy heiligheid en mag groter as die ganse kosmos is.

Uit ons teks hoofstuk gee God ons 6 “groter as” somme:

1.God is groter as sy skepping. Ja, God is die skepper van al hierdie groot dinge wat ons sien en beleef – maar die punt is: Hy is groter as sy skepping! Kyk hoe mooi word dit beskryf:
God wat met die holte van sy hand die waters vir die aarde afmeet!!!
God wat met sy handbreedte die grootte van die aarde bepaal. God wat met sy hand al die miljoene der miljoene sterre skep en elkeen van hulle in al die galaksies van die heelal op hulle plek sit! Wat ‘n wonderlike gedagte.
Wys weer skyfies
Hy wat die hemel soos ‘n groot tentseil oopgooi sodat die mense daaronder kan woon.

Kyk wat gebeur as God dinge op sy skaal begin weeg: God weeg op ‘n skaal die berge!
As God die eilande van die aarde op sy skaal sit – dan is dit soos ‘n stofdeeltjies.

Ja God sit op sy troon – bo alles wat Hy geskep het. Br en sr, God is groter as al die wêreld se probleme van armoede, van natuurvernietiging, van stryd en oorlog en verwoesting.

Hoekom is ons dan so kleingelowige en twyfel ons of God iets hieraan kan doen? Waarom dink ons dit is groter as God?

2. God se wysheid is groter as die weteskap en tegnologie, die denke en filosofië van mense. Kyk na vers 13 en 14. Niemand kan God se denke deurdink nie, niemand kan God raad gee en Hom leer nie. Nie die slimste tegnoloog of wetenskaplike of filosoof van hierdie wêreldjtie kan iets vir God leer nie! Daar is nie ‘n moderne wetenskaplike met die beste tegnologie tot sy beskikking wat God iets kan leer nie! Selfs nie wonderlike mense wat hierdie ruimteteleskoop gebou en in die ruimte ingestuur het en van die aarde af oor ’n miljoen kilometer beheer nie!

Nie die slimste teoloog en mens wat die Bybel uit sy kop uit ken – kan begryp wat die Here se gedagtes is en Hom ontleed nie.

Hoekom word ons dan so beindruk deur die wetenskap en tegnologie? Hoekom voel ons so dikwels daardeur bedreig? God is groter as dit alles – dit is in sy beheer. Hy gee wysheid aan mense en Hy vra rekenskap!

3. God is groter as die mens, al die nasies in hulle miljoene. Ja, as God al die duisende miljoene mense op aarde op sy skaal sit: is ons soos ‘n stoffie op die skaal – dit beweeg nie eers nie! Soos sprinkane kruip die mense voor God in die stof van die aarde!

Hoekom dink ons dan dat God hulle nie kan beheer of versorg nie! Hoekom word ons beindruk deur getalle, geld of mensemag? Hoekom raak ons bang as hierdie of daardie land sekere ekonomiese besluite neem of oorlogspraatjies praat! So asof hulle groter as GOD is en Hy hulle nie kan beheer nie!

4. God is groter as wêreldheersers! In vers 23 staan daar: God maak die grootste en belangrikste wêreldheersers tot niks! Daarvan is Nebukadnesar en Belsaser van Babel getuies – dat God ‘n wêreldheerser gras laat vreet. So het die geskiedenis dit oor en oor bewys!

Waarom steur ons ons dan wanneer wêreldleiers praat asof hierdie wêreld aan hulle behoort en asof hulle die laaste sê het wat in die wêreld of in ‘n land moet gebeur? Waarom word ons bang as sekere uitsprake gemaak word wat ons lewe, ons grond, ons geloof bedreig word! God is groter as hulle.

5. God is groter as die afgode. Die afgodsdienste van hierdie wêreld is nietige mense maaksels met goud en silver oorgetrek! Dis gemaak van offerhout wat vir God ge-offer sal word. Waarom vrees ons die Islam, of skrik ons vir ateiste wat God wegwens! Waarom word ons bang as godsdienstige oorloë ons bedreig – so asof hulle gode groter is as God?

Geliefde brs en srs, 6. God is ook groter as ons sonde. Hy, die Heilige, wat Israel in ballingskap gestraf het en hulle nou weer genade wil betoon. Hy het ons sonde aan Christus gestraf en ons deur die kruis van Christus genade betoon. Hy wat die die sterre in sy mag en krag beheer, het ook die blink Morester vir ons aan die hemelruim van ons geloof geplaas sodat daar vir ons lig, genade en lewe kan wees! Christus is die Grootheid

van God. In Hom het ons hoop, kan glo en bid! In Hom het ons ʼn troosvolle toekomsperspektief!

God is dus ook groter as my kleingeloof, my vrees en twyfel. Want met dieselfde krag en mag waarmee Hy die aarde geskep het, die mens geskep het, die kosmos in sy hande hou, met daardieselfde krag werk Hy, die Gees van God, ook nou in ons hart! Wek Hy in ons ‘n onwrikbare geloof in God en ‘n vreeslose vertroue op God – sodat ons God kan sien soos Hy werklik is. Groter as alles!

Daarom, geliefdes, as u na die wêreld kyk, as jy na jou eie omstandighede kyk: moenie in God twyfel nie, moenie bang wees nie – Glo en vertrou – want God is groter as dit alles.

Amen

Sing met verwondering en met aanbidding oor God se grootheid